# Katalisfonds vir Natuurwetenskappe

## BEURSONDERSTEUNING

vir nagraadse studente by die Universiteit Stellenbosch

## Konteks

Navorsing is 'n kragtige werktuig in die globale ekonomie. Ontwikkelings op die gebied van die wetenskap, tegnologie en innovasie, verander wêreldwyd die wyse waarop mense leef, kommunikeer en sake doen, en beïnvloed die ekonomiese groei en ontwikkeling. Suid-Afrika se Nasionale Ontwikkelingsplan (2012) het 'n teiken gestel vir die lewering van 5 000 doktorale graduandi teen 2020 (1 876 in 2012) ten einde die land se navorsing- en innovasiekapasiteit uit te brei en broodnodige werksgeleenthede te skep oor die volgende paar jaar. Die meeste van hierdie kennis word binne universiteite en navorsingsrade gegenereer.

## Unieke waarde-aanbod – Die Fakulteit Natuurwetenskappe

Die Fakulteit Natuurwetenskappe by die Universiteit Stellenbosch (US) bied 'n wêreldklas navorsingsomgewing, institusionele ondersteuning en die spesialiskennis om nagraadse studentesukses te verseker.

Die US is daartoe verbind om die volgende generasies Suid-Afrikaanse wetenskaplikes op te lei – 'n groep innoverende en kritiesdenkende mans en vroue wat 'n aktiewe rol kan speel in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing en wat katalisators sal wees in die skeppingsproses van die kennis-intensiewe ekonomie wat so deurslaggewend is vir Suid-Afrika se groei en ontwikkeling. Teen hierdie agtergrond en in die lig van die ernstige besnoeiing van fondse aan Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings vir nagraadse studies, het die Fakulteit Natuurwetenskappe die Katalisfonds bekendgestel ter ondersteuning van verdienstelike nagraadse studente wat aan spesifieke kriteria voldoen.

## Versoek vir ondersteuning

Die Fakulteit benodig ongeveer R11 miljoen per jaar om beurse vir sy nagraadse studente te kan gee. Ondersteuning kan 'n volle beurs of 'n bydrae tot die beursfonds wees. Bydraes kan in die onderstaande bankrekening inbetaal word:

| | |
|---|---|
| NAAM VAN INSTELLING | Universiteit Stellenbosch |
| BANK | Standard Bank |
| TAK | Stellenbosch |
| TAKKODE | 05 06 10 |
| REKENINGNAAM | Universiteit Stellenbosch (Algemeen) |
| REKENINGNOMMER | 073006955 |
| Verwysing | Catalyst Fund FoS |

**KONTAK:** Anneke Müller
**Fondswerwer:** Fakulteit Natuurwetenskappe, Universiteit Stellenbosch
**Tel:** +27 21 808 4904 • **E-pos:** annekem@sun.ac.za

UNIVERSITEIT iYUNIVESITHI STELLENBOSCH UNIVERSITY

100 1918 · 2018



## "Beursbefondsing was waarskynlik die mees beduidende faktor in my sukses as nagraadse student."

Dr Ethan Newman
Claude Leon Nadoktorale Genoot, UKZN

Ek is tans 'n nadoktorale navorser by die Universiteit van KwaZulu Natal waar ek die prosesse bestudeer wat spesievorming by orgidieë voltooi.

In 2017 het ek by die Universiteit Stellenbosch se Departement Plant- en Dierkunde 'n PhD in Plantkunde verwerf, met 'n fokus op plant-dier interaksies. Ek glo steeds dat die Universiteit een van die produktiefste en lewendigste universiteite in Suid-Afrika is. Dit het my genoegsaam voorberei vir die akademiese omgewing wat ek gekies het om vandag in te werk.

Die feit dat ek 'n bioloog is, gee my die vryheid om vrae te vra oor hoe die wêreld werk, en die beantwoording van hierdie vrae is my kreatiewe uitlaatklep. Maar wat ek die meeste van my werk geniet, is om veldwerk te doen in die mees afgeleë plekke en die interaksie met eendersdenkende mense van regoor die wêreld.

Beursbefondsing was waarskynlik die mees beduidende faktor in my sukses as nagraadse student. Dit het beteken dat ek my nie hoef te bekommer het oor ekstra werk ten einde lewenskoste te dek nie. Ek kon al my energie fokus op dit wat die belangrikste was: my navorsing, my doelwitte nastreef en aan my loopbaan bou.

Nagraadse studente van voorheen benadeelde gemeenskappe is afhanklik van beurse. Die befondsing wat ons ontvang maak dit nie slegs moontlik om ons navorsing voort te sit nie, maar stel ons ook in staat om onsself op 'n waardige manier te onderhou. Ek glo dat van my eie werk nie moontlik sou wees sonder die volgehoue ondersteuning nie.

Die Universiteit Stellenbosch het my die geleentheid gegee om my eie wetenskapspad te ontdek. Nie net het dit my visie ten opsigte van 'n loopbaan verbreed nie, maar ook hoe ek die lewe in die algemeen sien.

Ek is dankbaar vir die geleentheid wat ek gehad het om by hierdie toonaangewende instelling te studeer en vir die werksetiek wat dit by my ingeskerp het.